

REGISTRATEURS
AFDELING



UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918 · 2018

2018
JAARVERSLAG

KONTAKBESONDERHEDE

Telefoon:

+27 21 808 9111

E-pos:

info@sun.ac.za

Webwerf:

www.sun.ac.za/registrateursafdeling

Posadres:

Privaat Sak x1
Matieland
7602
Suid-Afrika

Straatadres:

Administrasie A-gebou,
Ryneveldstraat,
Stellenbosch,
7600

INHOUD

Voorwoord deur die Rektor en Visekanselier	1
Oorsig deur die Registrateur	2
Sentrum vir Studente-administrasie: Bellvilleparkkampus	3
Studentegetalle	3
Nuwe roostersagteware	3
Nuwe sagteware vir gebruik by aanlyn assessering	3
EQUIS-akkreditasie	3
Sentrum vir Studente-administrasie: Stellenboschkampus	4
Kursusse	4
Eksamens	5
<i>Eksamens: Residensiële studente</i>	5
<i>Innoverende gebruik van selfoontechnologie</i>	5
<i>Eksamens: Afkampusstudente (Wêreldwyd)</i>	5
Roosters en Lokale	6
Publikasies	7
Pos en Liassering	7
Sentrum vir Studente-administrasie: Tygerbergkampus	8
Nuwe programme en prosesse	8
Geleentheid	9
Sentrum vir Oorsigfunksie-ondersteuning	10
Eeufeesuitstalling	10
Opleiding op kampus verskaf	11
Statuut	11
Delegasiebestuurstelsel	11
Regsdienste	12
Regsdienste se strategiese oogmerke	12
Regsadvies en -steun	12
Gedingvoering	13
Kommersiële kontrakte en dranklisensies	13
Wetlike nakoming	13
Studentedissipline	13
Wetlike nakoming aan die US - Algemene vrae	14
Personeelaangeleentheid	15
Kongresse	15
Internasionale besoeke	15
Registrateursafdelingpersoneel	15
Kwalifikasies verwerf	15
Kortkursusse voltooi	16
Opleiding voltooi	16
Werkswinkels bygewoon	16
Sosiale Impak-inisiatiewe	18
Betrokkenheid by Sosiale Impak-inisiatiewe van die US	18
#Move4Food Veldtog en Voedselbank	18
Betrokkenheid in die Stellenbosch-gemeenskap	18
<i>Boekprojek vir Kylemore Hoërskool</i>	18
<i>Krieket-ontwikkeling in die gemeenskap</i>	18

Visie


Die Universiteit Stellenbosch sal Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteit wees wat wêreldwyd as uitnemend, inklusief en innoverend erken word en waar ons kennis tot diens van die samelewing bevorder.

Missie

Die Universiteit Stellenbosch is 'n navorsingsintensiewe universiteit wat uitmuntende studente lok, talentvolle personeel aanstel en 'n wêreldklasomgewing bied; 'n plek wat met die wêreld verbind is en gemeenskappe plaaslik, op die vasteland en in die res van die wêreld verryk en transformeer.

Waardes

Ons waardes hou verband met die oortuigings en houdings wat ons gedrag rig ('ons handelingsriglyne'). Die waardes is almal ewe belangrik, is onderling verbind, en dien as grondslag vir die US se etiekkode.





Voorwoord deur die Rektor en Visekanselier

Kyk mens terug op 2018, staan dit ongetwyfeld uit as 'n jaar van mylpale aan die Universiteit Stellenbosch (US) – nie net vir die instelling in geheel nie, maar ook vir die Registrateursafdeling, wat in hierdie dokument oor hul bedrywighede in dié jaar verslag doen.

Wat die oorhoofse prentjie betref, was 2018 ons eeufeesjaar, waartydens ons die US se totstandkoming honderd jaar gelede herdenk het. Ons het ons groot prestasies deur die jare gevier en almal wat van die US 'n akademiese instelling van wêreldgehalte help maak het, bedank. Terselfdertyd het ons nie ons oë gesluit vir ons foute nie. Ons het die US se rol in die ongeregtighede van die verlede erken, en ons diepe berou daarvoor uitgespreek.

Gedagtig aan die uitdagings wat op ons wag, het ons ook vooruitskouing gedoen en 'n nuwe roetekaart vir die toekoms opgestel – die US se Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024. Daarin mik ons hoog – ons wil “Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteit wees, wat wêreldwyd as uitnemend, inklusief en innoverend erken word en waar ons kennis tot diens van die samelewing bevorder”.

Die Registrateursafdeling speel 'n belangrike rol om ons op koers te hou in die nastrewing van dié doelwit. Groot instellings met 'n lang geskiedenis raak maklik die pad byster as hul burokratiese onderbou nie strook met die nuwe rigting wat hulle wil inslaan nie. Die Registrateursafdeling kom hierin tot ons redding met 'n hersiening van die US se bestaande beleide, reglemente, reëls en prosesse, in samewerking met die Afdeling Strategiese Inisiatiewe. 'n Aanvanklike verkenning het aan die lig gebring dat daar letterlik honderde aanpassings gemaak gaan moet word om sinergie met ons nuwe visie en strategiese raamwerk te bewerkstellig. Dit is 'n groot taak, maar dit gaan beslis help om die US meer soepel en aanpasbaar te maak.

Nog 'n vername stuk werk wat die Registrateursafdeling onlangs suksesvol afgehandel het, was die hersiening van die US se Statuut. Dié proses het in Augustus 2017 begin, en is in November 2018 voltrek toe die US Raad die hersiene Statuut goedgekeur het. Tussenin was daar uitgebreide oorlegpleging deur 'n taakspan onder aanvoering van die Registrateur, dr Ronel Retief, wat met deskundiges en amptelike US-strukture saamgewerk het om die Statuut te herskryf. Ons is vol vertroue dat die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding die nodige goedkeuring sal verleen.

My waardering aan die Registrateursafdeling vir hul toewyding en ywer in 2018. En sterkte vir die volgende skof!

Prof Wim de Villiers
Rektor en Visekanselier



2018 was ons eeufeesjaar, waartydens ons die US se totstandkoming honderd jaar gelede herdenk het

...dit staan ongetwyfeld uit as 'n jaar van mylpale...

Oorsig deur die Registrateur

Ronel Retief



In baie opsigte is die laaste twee jaar in die Registrateursafdeling (RA) aan die Universiteit Stellenbosch (US) deur verandering gekenmerk: Die Registrateur se rapporteringslyn het verander van die Viserektor (Leer en Onderrig) na die Rektor, Regsdienste het by die Afdeling aangesluit, sleutelpersoneellede het afgetree en nuwe aanstellings is gemaak. Die Registrateursafdeling het deur 'n uitgebreide eksterne-evalueringproses gegaan, 'n omvattende omgewingsplan opgestel, en 17 strategiese doelwitte in ooreenstemming met die destydse institusionele strategiese prioriteite geïdentifiseer. Prosesse en prosedures is hersien, organisatoriese strukture is herposisioneer en herbenoem, en rolle en verantwoordelikhede binne die Afdeling en sy sentra opgeklaar.

Tydens 2017/2018 was die Registrateur se interne fokus op die herdefiniëring van die RA se rol binne die Rektor se verantwoordelikeheidsentrum (VS) en die groter instelling, en op die daarstelling van samewerkingsvennootskappe met interne belanghebbers, soos studente, fakulteite en ander PASD-omgewings (Professionele, Administratiewe, Steun- en Diensomgewings). Die persoonlike en professionele ontwikkeling van RA-personeel, en so ook personeelwelwees oor die algemeen, het toegewyde aandag geniet. Die posisionering van die drie sentra in die Registrateursafdeling – Regsdienste, Oorsigfunksie-ondersteuning en Studente-administrasie (op drie kampusse) – en die skep van interne kohesie tussen die drie sentra was ook sleutelprioriteite.

Eksterne prioriteite is gekoppel aan die opbou van streeks-, nasionale en internasionale netwerke deur van beide formele en informele netwerkingplatforms gebruik te maak. Vergaderings met die DHOO en platforms, wat deur USAf geskep is, waar sake van nasionale relevansie gedien het, is óf deur die Registrateur óf haar gedelegeerdes bygewoon. Die jaarlikse Registrateur Imbizo (onder beskerming van USAf), *ad hoc*-vergaderings van registrateurs en akademiese administrateurs wat belê is om spesifieke kwessies te bespreek (mees onlangs die uitspraak oor “gratis hoër onderwys”, NSFAS-befondsing, en die voorgestelde Sentraaansoekstelsel) en informele kwartaallikse vergaderings met die registrateurs in die Wes-Kaap het geleenthede gebied vir wedersydse leer, standaardstelling en die versterking van wedersydse voordelige verhoudings wat die potensiaal het om strategiese vennootskappe te raak.

Die drie sentra van Studente-administrasie (aan Stellenbosch, Tygerberg en Bellvillepark) het saam met ander PASD-afdelings aan die vestiging van 'n sistemiese benadering tot kliëntediens gewerk. Administratiewe prosesse is hersien en verfyn, maar daar is nog sommige inkonsekwenthede en daar moet meer werk gedoen word aan die opstel van standaard- operasionele prosedures wat doeltreffendheid, en ook aanspreeklikheid en goeie oorsigbestuur oor die algemeen, sal fasiliteer.

Die Studente-administrasie-personeel was ook aktiewe deelnemers aan die uitgebreide versoek-virvoorstel-proses (beter bekend in Engels as RFP of *request for proposal*), wat gelei het tot die kontraktering met die Indië-gebaseerde maatskappy Serosoft vir die ontwikkeling van 'n nuwe studente-inligtingstelsel, wat elke proses wat die studentelewensiklus aan die US onderlê sal ondersteun. In die volgende twee tot drie jaar sal Studente-administrasie, as een van die belangrike belanghebbers by die SUNStudent-projek, in vennootskap met IT, Inligtingsoorsigbestuur, ander PASD-omgewings en fakulteite, 'n sleutelrol in die implementering van die nuwe SIS speel.

Oor die afgelope jaar het die Sentrum vir Oorsigfunksie-ondersteuning begin om in die nuwe verwagtinge voortspruitend uit die herposisionering van die Sentrum en die uitbreiding van sy rol “in te lewe”. Die Sentrum is verantwoordelik vir beleidsbestuur, delegasiebestuur, rekordbestuur (insluitende die institusionele Argief) en die implementering en handhawing van die US Statuut en institusionele reëls. Verder verskaf die Sentrum sekretariaatsdienste aan die Raad, Senaat en die Institusionele Forum, asook aan hulle komitees, en aan die Rektooraat en die Algemenebestuurdersvergadering. 'n Strategie vir oorsigfunksie-ondersteuning is ontwikkel en 'n nuwe konsep-US Statuut is regdeur 2018 aan 'n uiters deeglike konsultasieproses onderwerp, en hierdie konsep-US Statuut is in November deur die US Raad goedgekeur. Die hersiening van delegasies binne die delegasieraamwerk is teen die einde van 2018 gefinaliseer en die nuwe stelsel vir aanlyn delegasies sal gedurende 2019 geïmplementeer word. Die infasering van 'n institusionele rekordbestuurstelsel wat met die Rekordbestuurbeleid strook, duur ook voort.

Gedurende 2018 het Regsdienste die inleidende fase van die nuwe Dissiplinêre Kode vir Studente afgehandel en ook begin met die vestiging van 'n institusionele wetlikenakomingsfunksie. Twee sleutelaanstellings in die jaar was dié van Hoof: Studentedissipline en die Wetlikenakomingsbeampte. 'n Area wat ook aandag geniet het, was die daarstelling van gespesialiseerde regs- administratiewe ondersteuning regoor die Sentrum. Vir die pad vorentoe, sal die fokus verskuif na die digitalisering van die kontrakbestuurfunksie vir groter doeltreffendheid en verbeterde oorsigbestuur.

Met 'n hernude fokus op personeelontwikkeling en personeeldeelname en die bou van verhoudings met sleutelbelanghebbers, waaronder die studente en fakulteite die belangrikste is, asook 'n verskerpte fokus op die digitalisering van prosesse regoor die drie funksionele areas van die RA, streef ons daarna om onself te posisioneer as 'n PASD-omgewing met die reputasie dat ons 'n bekwame, doeltreffende, kliëntgesentreerde en innoverende span is wat uitnemende diens verskaf en bydra tot die verwesenliking van die US-visie en -strategie.



**die versterking
van wedersydse
voordelige
verhoudings
vir strategiese
vennootskappe**

Sentrum vir Studente-administrasie

Bellvilleparkkampus

Hoof: Pierre Rossouw

Die Sentrum vir Studente-administrasie op die Bellville-parkkampus is verantwoordelik vir die administrasie van studente wat die 13 nagraadse programme by die US Bestuurskool (USB) en die drie nagraadse programme by die Skool vir Publieke Leierskap (SPL) volg.

STUDENTEGETALLE

Die aantal nuwe studente per program aan wie die Sentrum op Bellvilleparkkampus 'n diens gelewer het:

(die USB se PhD in Toekomsstudies het nie in 2018 nuwe registrasies gehad nie en daarom verskyn die program nie in die tabel hieronder nie)

USB- EN SPL-REGISTRASIES VIR 2018 (Aantal studente per program)

USB	Aantal
PhD in Besigheidsbestuur en -administrasie	20
PhD in Ontwikkelingsfinansies	41
Magister in Besigheidsbestuur en -administrasie	493
MPhil in Ontwikkelingsfinansies	219
MPhil in Bestuursafrigting	74
MPhil Toekomsstudies	34
Nagraadse Diploma in Besigheidsbestuur en -administrasie	116
Nagraadse Diploma in Ontwikkelingsfinansies	63
Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanning	136
Nagraadse Diploma in Leierskapontwikkeling	43
Nagraadse Diploma in Projekbestuur	109
Nagraadse Diploma in Toekomsstudies	61
Totaal	1 409
SPL	Aantal
PhD in Publieke Administrasie	63
Magister in Publieke Administrasie	102
Honneurs-Baccalaureus in Publieke Administrasie	235
Totaal	400



die Sentrum het
'n diens aan 1 809
studente gelewer

NUWE ROOSTERSAGTEWARE

In 2018 het personeel van die Sentrum opleiding in nuwe roostersagteware, naamlik Syllabus (Scientia), ontvang, aangesien die USB in 2019 na hierdie sagteware oorskakel. Dit is dieselfde sagteware wat op die Stellenboschkampus gebruik word, met 'n paar ekstras, wat in konsultasie met die Sentrum geïdentifiseer is, om aan die USB se vereistes te voldoen. Een hiervan is dat USB se klasse in ander tydgleuwe inpas as Stellenboschkampus. Met hierdie sagteware sal dosente en studente roosterinligting direk in hulle Outlook-dagboek ontvang.

Wanneer Syllabus (Scientia) geïmplementeer is, sal die sagteware dit moontlik maak vir die onderriglading per dosent om outomaties deurgetrek te word na Academ, wat in 2018 aangekoop is. Hierdie sagteware sal die voorbereidingswerk vir akkreditasies beduidend vergemaklik.

NUWE SAGTEWARE VIR GEBRUIK BY AANLYN ASSESSERING

Vanaf 2019 skakel die USB oor na RPNOW. Hierdie sagteware dien as 'n aanlyn toesighouer en monitor 'n student se rekenaar, asook sy of haar bewegings voor die rekenaar tydens eksamens en toetse. In 2018 is daar in die Sentrum opleiding met die sagteware ontvang en ook aan toetslopias daarmee deelgeneem. Verder het die Sentrum insette gelewer rondom aanpassings aan die sagteware, om beter aan studente se behoeftes te voldoen. Hieronder was dat die sagteware twee skerms moet kan akkommodeer. Ons is baie opgewonde oor hierdie sagteware, wat dit moontlik maak om alle onreëlmatighede per video op te neem en te rapporteer.

EQUIS-AKKREDITASIE

In September 2019 word die USB en USB-BO onderwerp aan EQUIS-akkreditasie. Op hierdie stadium werk die Sentrum hard om inligting, soos vereis, in te samel vir die akkreditasieverslag.

Sentrum vir Studente-administrasie

Stellenboschkampus

Hoof: Neels Fourie

Die Sentrum vir Studente-administrasie op Stellenbosch kampus bestaan uit die Kursusafdeling, die Eksamenafdeling, die Afdeling Roosters en Lokale, die Afdeling Pos en Liassering en 'n kantoor wat verantwoordelik is vir publikasies wat met die Sentrum verband hou.

KURSUSSE

Die Kursusafdeling is van wesenlike belang vir studente-administrasie en is gevolglik van kardinale belang vir die suksesvolle uitvoering van die US se kernaktiwiteite van leer en onderrig.

Die Afdeling bestaan uit sewe fakulteitsadministrateurs en 13 fakulteitsbeamptes wat die studente van agt fakulteite administreer. Daar ook een fakulteitsbeampte wat help met studente-administrasie van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, asook drie beamptes wat die studente wat op die telematiese platform studeer, administreer.

In 2018 het die Afdeling studente, akademiese personeel en die wyer kampus met professionaliteit en integriteit gedien. Die Afdeling was weereens 'n sleutelrolspeler met ondersteuning tydens die inskrywingsproses en verskaffing



van sekretariaatsteun aan fakulteite. Die Afdeling het ook tot sekere strategiese en samewerkingsinisiatiewe bygedra. Die beduidendste hiervan was die samewerking tussen die Universiteit Stellenbosch en die Akademie vir Omgewingsleierskap (beter bekend in Engels as die *Academy for Environmental Leadership SA* of die AEL) in die Noord-Kaap om bystand met die toelating van AEL-studente tot die US te verskaf, asook met verwysings van studente wat 'n oorbruggingsjaar wil neem of nie hertoelating vir verdere studie aan die US verwerf het nie.

Cheryl Nieuwoudt (Administratiewe Beampte vir Agri-Wetenskappe) het 'n projek gekoördineer om die implementering van fleksiewerksure binne die Afdeling te ondersoek. Een van die sleuteldoelwitte was om werksure so te struktureer dat dit maksimum produktiwiteit vir die werknemer en die instelling verseker. Die suksesvolle implementering van fleksiewerksure verseker tans volgehoue dienslewering aan studente regdeur die Universiteit se werksure, insluitende gedurende middagete.

Aantal studente per fakulteit waaraan daar op Stellenboschkampus administratiewe dienste verskaf is

Fakulteit	Spesiale Studente (nie geregistreer vir 'n volle kwalifikasie nie)	Nagraadse Studente	Voorgraadse Studente	Totale aantal studente per fakulteit
AgriWetenskappe	49	566	1 575	2 190
Lettere en Sosiale Wetenskappe	261	1 438	3 287	4 986
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	261	3 422	5 244	8 927
Opvoedkunde	10	775	1 069	1 854
Ingenieurswese	85	929	3 081	4 095
Regsgeleerdheid	6	438	447	891
Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	316	1 739	2 533	4 588
Krygskunde	2	90	462	554
Natuurwetenskappe	92	817	2 230	3 139
Teologie	9	292	240	541
<i>Totale aantal studente</i>	1 091	10 506	20 168	31 765

Aantal telematiese studente per fakulteit aan wie administratiewe dienste op Stellenboschkampus gebied is


Fakulteit	Programme	Aantal telematiese studente
AgriWetenskappe	2	15
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	10	509
Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	7	68
Krygskunde	13	462
Opvoedkunde	3	212
<i>Totale aantal studente</i>		1 568



Innoverende gebruik van selfoontegnologie

In 2017 is selfoontegnologie vir die identifisering van studente vir toegang tot eksamenlokale in 'n beperkte loodsprojek getoets en dit was 'n reusesukses. Die tegnologie behels dat 'n student se studentekaart teen die agterkant van die selfoon gehou word, en op die skerm word dan aangedui of die student eksamen in die spesifieke module in die spesifieke lokaal moet aflê. As gevolg van die sukses van die loodsprojek, is hierdie tegnologie in 2018 oor meer as tien geboue op Stellenboschkampus uitgerol, met uitsondering van die enkele geskrewe eksamineringssessies (hierby word rekenaargebaseerde en tekenbordgebaseerde eksamens dus uitgesluit) wat vir 'n geringe aantal studente wat ekstra skryftyd benodig gereël is. Ongelooflike positiewe terugvoer is van sowel opsieners as studente ontvang.

Die ontwikkeling en suksesvolle implementering van die tegnologie het die spanwerk van verskeie afdelings vereis, met Hendrik le Roux van die Afdeling Informasietegnologie wat die projekbestuurder was en Emcé Louw, Hoof van die Eksamenafdeling, was verantwoordelik vir 'n groot deel van die implementeringsproses, insluitende die laai van die selfone, die opstel van die eksamenverwante data wat deur die selfone gebruik is, die opleiding van die konvenors verantwoordelik vir die aflees by die lokale en inname van die fone na die eksamens.



Die administrasie behels die hele universitêre lewenssiklus van 'n student vanaf toelating tot 'n program tot met graduering. 'n Integrale en kritieke deel van al hierdie aktiwiteite is inligtingverskaffing en hulpverlening aan studente, hul ouers, asook akademiese en ander steundienstpersoneel.

Verbandhoudend met studente-administrasie is die uitreik van studierekords, duplikaatsertifikate en module-inhoude aan afgestudeerdes.

Die fakulteitsadministrateurs tree ook as sekretarisse van hulle fakulteite se fakulteitskomitee- en fakulteitraadsvergaderings op, met gepaardgaande dienste wat op deurlopende basis daaruit voortvloei.

EKSAMENS

Eksamens: Residensiële studente – Stellenboschkampus

Assessering is 'n noodsaaklike faset van elke opleidingsinstansie se hoofstroom-funksies, en as sodanig is die Eksamenafdeling kernbelangrik vir die handhawing van die akademiese statuut van die Universiteit. Die Eksamenafdeling (twee personeellede) se hoof funksie is om die eksamens in die agt fakulteite op Stellenbosch te administreer en te bestuur. Dit behels o.a. die akkurate en stiptelike uitvoer van 'n veelheid van prosesse en uiteenlopende probleemoplossingsaktiwiteite ten einde vir 'n suksesvolle eksamenronde te kan sorg. Die Eksamenafdeling is voorts in samewerking met die Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling verantwoordelik vir die bepaling en toestaan van ekstra skryftyd vir toetse en eksamens aan studente wat daarvoor kwalifiseer. Die Afdeling administreer ook die aansoeke om interne en eksterne herbeoordeling van eksamenskrifte.

In groot eksamensessies op Stellenboschkampus word tot 3 000 studente per tydgleuf (met twee tydgleuwe per dag) in ongeveer 50 eksamenlokale, wat oor meer as tien geboue versprei is, geakkommodeer. In die Junie 2018-eksamen is 48 konvenors, 118 opsieners en 6 skribeerders gebruik en in die November 2018-eksamen is 48 konvenors, 146 opsieners en 17 skribeerders gebruik.




Eksamens: Afkampusstudente (Wêreldwyd)

Die Afkampus eksamen-kantoor is verantwoordelik vir die koördinerings van eksamens vir studente wat op die telematiese platform studeer. Hierdie werk is 'n besondere uitdaging, in die sin dat dit behels dat die integriteit van eksamens wat ver vanaf Stellenbosch afgelê word gehandhaaf en beskerm word.

In 2018 was die Afkampus eksamen-kantoor ook betrokke by eksamens vir twee residensiële studente wat tydens eksamengeleenthede oorsee aan sport deelgeneem het. Een van die studente was 'n ingenieurstudent wat gekies is vir die Junior Springbokspan om aan die Junior Rugby Wêreldbeker Toernooi vanaf 25 Mei tot 19 Junie 2018 in Europa deel te neem, en wat dus nie van sy eksamens op Stellenboschkampus kon skryf nie. Ruby Frans, Afkampus eksamen-koördineerder, het gehelp met die tref van die reëlings sodat die student die betrokke eksamens oorsee kon skryf terwyl hy ons land verteenwoordig het. Die ander student, wat 'n sewesrugbyspeler in die Blitzbok-span was, moes ook tydens 'n toernooi in Dubai eksamen skryf en daar is spesiale reëlings vir hom getref om een van sy eksamens in die hotel waar die span gebly het te skryf.

Hieronder word die aantal eksamens internasionaal en in Suid-Afrika vir afkampus-studente weergegee.



Miriam Walters en Stefne Franken

ROOSTERS EN LOKALE

Die hoof funksie van die Afdeling Roosters en Lokale is die opstel van die voorgaande klasroosters, toetsroosters en eksamenroosters vir die agt fakulteite op die Stellenboschkampus. Voorgaande studente het reeds voor registrasie toegang tot hierdie roosters. In 2018 was 4 355 US-eerstejaarstudente se verpersoonlikde klasroosters binne twee dae na registrasie (en voordat klasse 'n aanvang neem) bekend. Aangesien die gebruik van 'n Adobe Flash-gebaseerde program wat studente in staat te stel om hul eie klasroosters te genereer, in 2020 moet staak wanneer Adobe die Flash-tegnologie laat beëindig, het 'n proses om 'n nuwe sagtewareoplossing te vind afgeskop. Met deurlopende insette en voorwerk van die Afdeling Roosters en Lokale, onder andere, het die Afdeling Informatietegnologie in 2018 'n besigheidsanalise gedoen na nuwe tegnologieë om die Flash-tegnologie te vervang. 'n Nuwe produk, Publish, is einde 2018 gekies en daar word beoog om dit tydens 2019 in gebruik te neem.

In 2018 is die bespreking van ongeveer 6 200 lokale vir akademiese doeleindes (uitgesluit eksamens en toetse) deur hierdie Afdeling geadminestrer. Die Afdeling het ook die bespreking van lokale vir nie-akademiese doeleindes vir studenteorganisasies (152), akademiese departemente (52) en eksterne entiteite (40) geadminestrer.

PUBLIKASIES

h Kantoer in die Registrateursafdeling is verantwoordelik vir die jaarlikse koördinerende benodig om al 25 dele (Afrikaans en Engelse weergawes) van die US Jaarboek te publiseer. Hierdie kantoer is ook vir die produksie van professorale intreeredes, waarvan daar 25 in 2018 was, verantwoordelik en ook vir die lewering van taaldienste (Afrikaanse en Engelse redigering en vertaling) aan die Registrateursafdeling.

In 2018 is die verantwoordelikheid vir die Universiteit se gedrukte gradeprogram vanaf die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie na hierdie kantoer oorgedra en die program is herontwerp om die leesbaarheid daarvan te verbeter. In Junie 2018 was die kantoer ook betrokke by die publikasie van h spesiale graadprogram vir h seremonie aangebied deur die Universiteit Stellenbosch vir Kubaanse mediese studente wat hulle grade as deel van die Nelson Mandela/Fidel Castro Program vir Mediese Samewerking tussen Suid-Afrika en Kuba verwerf het.

POS EN LIASSERING

Tydens 2018 het die Afdeling Pos en Liassering h noodsaaklike diens aan kliënte binne en buite die US gelewer.

- Ongeveer 10 000 uitgaande posstukke is hanteer
- Tussen 22 000 en 23 000 posstukke is gesorteer en versprei aan akademiese departemente en steunomgewings
- Steun is verskaf by die vergaderings van die Rektorat, Raad en Senaat en aan die Algemene Stuudersvergadering
- Steun is by die gradeplegtighede in Maart en Desember verskaf
- Eksamendokumentasie is veilig en tydig by die Bellvillepark- en Tygerbergkampus afgelewer



Christopher Julius en Sharon van de Rheede



*Van links na regs: Ivan Fortuin, Bronwynne Wenn, Morné Rhoda, Reggie Rhoda
sorteer pos vir interne verspreiding*

“

**Tussen 22 000 en
23 000 posstukke
is tydens 2018
gesorteer en
versprei**

Sentrum vir Studente-administrasie

Tygerbergkampus

Hoof: Farah Fredericks

Die Sentrum vir Studenteadministrasie op die Tygerbergkampus (SSA-TK) fokus op die voorsiening van 'n omvattende diens aan voornemende en huidige studente, steun- en akademiese personeel, en die openbare belanghebbers van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe en Tygerbergkampus. Hierdie diens hou verband met studente- en akademiese administrasie aan die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe en Tygerbergkampus. Buiten die verskaffing van administratiewe dienste deur die Sentrum aan 5 014 studente in 2018, was daar deur die jaar ook heelwat persoonlike personeelprestasies, innovasie en programuitbreiding.

As voortsetting van die ontwikkeling van standaard operasionele prosedures (SOP's) in 2017, het die Sentrum op 13 Maart 2018 sy eerste opleidingssessie vir departementele administratiewe personeel in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) gehou. Hierdie opleidingssessie het onderwerpe gedek wat verband hou met die prosesse, reëls en beleide van 'Aansoek, Toelating en Keuring van Studente', 'Registrasie van studente (VG & NG)', 'Laai van resultate', 'Eksamens', 'HPCSA-aangeleenthede' en 'Studentesteun'. Die sessie is bygewoon deur meer as 70 FGGW-personeellede wat positiewe terugvoer daarvoor gelewer het. Dit het 'n stewige platform vir toekomstige pasgemaakte opleidingsingrepe vir fakulteitspersoneel daargestel rakende hulle verantwoordelikhede ten opsigte van akademiese administrasie.

Op 19 Junie 2018, het die SSA-TK-personeel deelgeneem aan 'n werksessie oor doeltreffende kommunikasie wat gebruik gemaak het van Transaksionele Analise (TA). Transaksionele Analise is 'n sielkundige raamwerk wat mense help om hulle ontwikkeling, persoonlikheid en kommunikasie beter te verstaan. Die sessie het op die FGGW se Worcesterkampus plaasgevind en is gefasiliteer deur Karen Pratt, 'n kundige op die gebied. Die personeel terugvoer was dat die werksessie hulle met "die selfvertroue om doeltreffend met kollegas, sowel as kliënte, te kommunikeer" toegerus het.

NUWE PROGRAMME EN PROSESSE

Vanaf 2019, sal die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe die program Baccalaureus in die Verpleegkunde aanbied. Die Keuringskantoor het die werwing-, aansoek- en keuringsprosesse vir hierdie program gekoördineer, en in 2018 is daar 61 studente gekeur.

In 2019 sal die amptelike verskuiwing van die Departement Sportwetenskap na die FGGW plaasvind. Gedurende 2018, het SSA-TK die oordrag van huidige geregistreerde nagraadse Sportwetenskap-studente na die fakulteit gefasiliteer, en sal in 2019 die registrasie en akademiese administratiewe steun aan alle reeds geregistreerde en nuwe sportwetenskap-studente in die FGGW hanteer.

“

61 studente is in 2018 vir die Baccalaureus in die Verpleegkunde program gekeur

Personeel in die SSA-TK het ook geïnnoveer deur uitgediende prosesse te hersien. Vanessa Joseph, Fakulteitsbeampte, het baanbrekerswerk gedoen om die suksesvolle implementering van geoutomatiseerde aanvaardings- en responsbriewe aan FGGW se nagraadse aansoeke te laat realiseer. Tot in 2018 is hierdie briewe handmatig gegenereer, wat baie tydrowend vir die personeellede was wat hierdie briewe moes uitreik.

Aansoeke geprosesseer en keurings tydens 2018 vir die 2019-inname

Voorgaadse Programme		
Program	Aansoeke	Keurings
MBChB	3 816	321
Fisioterapie	575	54
Arbeidsterapie	572	66
Spraak-Taal- en Gehoortherapie	188	36
Verpleegkunde	120	61
Dieetkunde	106	36

Nagraadse Programme		
Program	Aansoeke	Keurings
Honneurs	385	108
Nagraadse Diplomas	1 055	592
MSc	251	68
MPhil	115	53
M (navorsing en gestruktureerd)	249	137
MMed	22	12
PhD	15	4



Gesondheidsberoeperaad SA (GBRSA) VG-registrasies in 2018

Groep	Aantal
Alle nuwe FGGW-eerstejaarstudente	465
Vyfdejaar- mediese studente	280
Alle FGGW-finalejaarstudente	465

Al is sy nog net vanaf November 2017 aan die stuur, het Nolvuyo Capsana (Hoof van die Voorgraadse Beurse en Lenings Kantoor op Tygerberg) met die steun van Rochelle Sylvester (administrateur) in 2018 die toekenning en administrasie van 2 210 beurse ten bedrae van R102 758 042,00 gekoördineer. Onder die fondse wat deur die kantoor bestuur is, was die hernoemde FGGW iThemba Beurs, wat die voortgesette registrasie van alle studente wat weens agterstallige skulde nie in staat was om te registreer nie, steun, asook die Hippocampusfonds, 'n nuutgeskepte, student-gedrewe fonds wat studente help om toegang tot lewensnoodsaaklikhede te verkry wat nie deur hulle beurse gedek word nie.

In 2018, het die FGGW 'n toetredeonderneming ontwikkel waartoe alle studente hulself verbind wanneer hulle begin met hulle voorgraadse

gesondheidsberoepprogramme. In samehang hiermee het die FGGW ook die gradueringseer hersien om dit 'n moderne onderneming te maak vir alle studente wat met 'n gesondheidsberoepkwalifikasie van die Universiteit Stellenbosch gradueer. Hierdie onderneming om die waardes van die Fakulteit en die beroep waarby hulle gaan aansluit, uit te leef, word in die openbaar gedoen. Dié hersiening het ook gelei tot die hersiening van die voormalige Eedseremonie, gekoördineer deur Salot Hanekom in die Adjunkregistrateurskantoor, wat ouers vir die eerste keer in staat gestel het om die fisiese ondertekening van die Onderneming (voorheen die Eed) by te woon.

GELEENTHEDE

Die 5de jaarlikse FGGW Opedag is op Saterdag, 24 Februarie 2018, op die Tygerbergkampus gehou en is deur 3 500 voornemende gesondheidswetenskappe-studente bygewoon. Die geleentheid is deur Sandra Josias en die Keuringskantoor gekoördineer.

Onder leiding van Farah Fredericks en Estie Geldenhuys, het SSA-TK die negende Gradeplegtigheid vir Kubaans-opgeleide mediese dokters (ook bekend as die Nelson Mandela/Fidel Castro Gradeplegtigheid) in Julie 2018 gekoördineer, in samewerking met die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie en die FGGW. 'n Totaal van 57 gegradueerdes van die Universiteit van Villa Clara in Kuba het hulle mediese grade by hierdie seremonie in die Endlersaal, Universiteit Stellenbosch (US) ontvang. Die US was vir die tweede keer namens die Suid-Afrikaanse Departement van Gesondheid die gasheer van die plegtigheid; - die eerste keer was in 2012. Onder die hooggeplaastes by die gradeplegtigheid was die Kubaanse Adjunkminister van Openbare Gesondheid, dr Alfredo Gonzales Lorenzo, die Suid-Afrikaanse Adjunkminister van Gesondheid, dr Joe Phaahla, wat die openingsrede gelewer het, die Visekanselier van die Universiteit van Villa Clara, prof Ida Santana Perez, en provinsiale LUR's vir Gesondheid, soos dr Gwen Ramokgopa van Gauteng.

NELSON MANDELA/FIDEL CASTRO MEDIESE PROGRAM GRADEPLEGTIGHEID



17 Julie 2018





Handgeskrewe toespraak deur
Prof GG Cillié tydens die opening
van die Universiteit in 1918

Sentrum vir Oorsigfunksie-ondersteuning

Hoof: Lazelle Bonthuys

EEUFESUITSTALLING

Vir die US se argivaris, Karlien Breedts, was 2018 'n baie besige jaar, in die besonder as gevolg van die US Argief se betrokkenheid by die US se Eeufesherdenking. Baie van die foto's en inligting in die Eeufespublikasies is uit die versamelings van die Argief. 'n Wonderlike hoogtepunt was die Eeufesuitstalling wat in Maart 2018 in die Argief geopen het. Hierdie uitstalling is 'n visuele verteenwoordiging van hoogtepunte uit die laaste 100 jaar, asook 'n blik op modes oor die jare en die groei van die kampus sedert die Universiteit se totstandkoming in 1918. Karlien verdien die leeu-eaandeel van die krediet vir die werk wat sy gedoen het om die uitstalling moontlik te maak. Sy was ook 'n mede-outeur van 'n artikel in die amptelike mondstuk van die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika, *Capensis*, en sy het 'n referaat by 'n nasionale kongres oor rekordbestuur in Nelspruit gelewer.

Die Argief het ook aan die US Museum se uitstalling 'n Honderd artefakte vir 'n honderd jaar meegewerk en die volgende items vir die uitstalling verskaf:

Program van die opening van die Universiteit van Stellenbosch (1918); Eeufesmedalje (1966); Handgeskrewe toespraak van prof GG Cillié met die opening van die Universiteit (1918); Gradeplegtigheidsprogram (1923); Uitdruk van die eerste rekenaarprogram aan die Universiteit van Stellenbosch (1963); Administratiewe verwysingsgids (c 1960); Artikel oor die eerste bruin studente aan die Universiteit (1978); Laat-Victoriaanse stempelstander (c 1890); Besoekersboek uit die rektorskantoor (1995); Glasnegatief van Wilgenhof-personeel (1927); BTK-sangbundel (1944); BTK-slotsak (1930's); Film van Juniordag (1941, 1943); Notaboek van prof HC Notcutt, dosent in Engels (1935)

ALGEMENE OORSIG

Die Sentrum vir Oorsigfunksie-ondersteuning (SOFO) fokus op die versterking van goeie oorsigbestuur ("governance") aan die US. As deel van hierdie fokus het SOFO 'n konsep-Etiëkode vir die US in die breë (die eerste in die US se geskiedenis) deur die loop van 2018 ontwikkel en met die US Raad daarvoor gekonsulteer. Die Raad het ingestem dat hierdie konsep-Etiëkode in 2019 kampuswyd vir verdere insette gesirkuleer sal word. SOFO hanteer ook o.a. die sekretariaat van etlike Raads- en Senaatskomitees en die Rektorat. Dit het ongeveer 180 vergaderings vir 2018 behels. Daarbenewens was die US Argief, wat deel van SOFO uitmaak en 'n belangrike rol in die bewaring van essensiële rekords van die US speel, die inisierder van 'n projek om 'n rekordbestuurstelsel (SUN-Rekords) daar te stel wat kampuswyd in fases geïmplementeer sal word.

In 2018 het SOFO 'n baie suksesvolle strategiese beplanningssessie gehou om die Sentrum se nuwe rigting, verpraktisering van die groter Registrateursafdeling se Omgewingsplan en ondersteuning van die US se strategiese doelwitte te beplan. Deur die loop van die jaar is twee opvolgssessies gehou om vordering te meet en momentum te behou.

'n Deurbraak vir SOFO in 2018 was die skep van drie bykomende poste, nl. dié van 'n verdere komiteebeampte, 'n administratiewe assistent en 'n junior argivaris. Hierdie poste sal in 2019 gevul word.

OPLEIDING OP KAMPUS VERSKAF

As deel van SOFO se ondersteuning van goeie oorsigbestuur en in 'n poging om die kwaliteit van sekretariaatsdienste aan fakulteite te verhoog, is 'n werksessie met alle fakulteitsadministrateurs gehou om die rolle en verantwoordelikhede van komiteesekretarisse uit te klaar. Leiding is ook aan nuwe sekretarisse van ander komitees op aanvraag gegee. Terugvoer was dat dit vir die betrokke personeel besondere waarde toevoeg in die uitvoering van hierdie take. As gevolg van die sukses in 2018, en spesifieke versoeke van personele, word verdere opleidingssessies vir 2019 beplan.

STATUUT

'n Belangrike mylpaal was die goedkeuring van 'n nuwe konsep-Statuut vir die US deur die Raad in November 2018. Die proses vir die skryf van die nuwe Statuut het in 2018 eers werklik momentum gekry en die taakgroep verantwoordelik vir die finale produk het gedurende die jaar 12 werksessies gehou, asook etlike konsultasievergaderings met belanghebbende op en af van die kampus. Die publiek is 'n maand lank die geleentheid gegun om op die konsep-Statuut kommentaar te lewer en konsultasiesessies is toe ook met die Raad, Senaat en etlike van hulle komitees gehou, asook met o.a. die Raadsvoorsitter, die Rektor en die President van die Konvokasie. Die konsep is daarna aan 'n leeskomitee bestaande uit drie regsgeleerdes voorgelê vir finale insette, sowel as aan adv A Breitenbach SC, 'n onafhanklike regskenner, vir 'n finale regsopinie. Adv Breitenbach het gesertifiseer dat die konsep wat by die Raad vir goedkeuring gedien het aan alle vereistes van die SA Grondwet, 1996, en die Wet op Hoër Onderwys, 1997, voldoen.

DELEGASIEBESTUURSTELSEL

Wesentlike vordering is gemaak met nuwe momentum vir die US se delegasiebestuurstelsel (DBS) wat in 2019 in bedryf gestel sal word. Hierdie stelsel het ten doel om die delegering van bevoegdhede aan individue binne die US op 'n effektiewe manier te bestuur en die eerste fase van implementering fokus op delegasie van bevoegdhede op posvlakke 1 tot 4. Die afdelings Finansies, SOFO, Regsdienste en Informatietegnologie is getaak om 'n gepaste DBS te ontwikkel om aan die US se Delegasiebeleid uitvoering te gee. IT, met insette van SOFO oor eindgebruikersbehoefte, het goeie vordering gemaak met die ontwikkeling van die DBS, wat op die SharePoint-platform bedryf sal word. Die stelsel is ontwikkel om gebruikersvriendelik en so eenvoudig moontlik te wees.



STEMPELSTANDER

Hierdie laat-Victoriaanse gietysterhouer vir stempels was in die kantoor van die Registrateur gebruik as algemene kantoortoerusting.

Twee van die stempels wat daaraan hang, bevat die handtekening van prof HB Thom (Rektor en later Kanselier) en mnr RP Conradie (Registrateur).

Die derde stempel, met 'n verstelbare datumfunksie wat per hand gestel kan word, bevat die woorde "Kantoor van die Registrateur Ontvang". Die laaste datum op die stempel is 1982-10-23.

 **180**
Vergaderings in 2018

 **12**
Werkswinkels

Die twee groot gebeure van 2018 was die skuif na die nuwe kantoorruimte en die finale werwingsaksie om die span voltallig te maak. Albei was onomwonde geweldig suksesvol.

Die nuwe kantore het meegebring dat die Regsdienstespan nader aan hulle lynbestuurder, die Registrateur, geleë is, dat die kantore makliker toeganklik is vir studente en dat die verskillende, unieke behoeftes wat uit die span se diverse verantwoordelikhede spruit, geakkommodeer kan word.

Na 'n lang tydperk was die personeelkomplement in 2018 voltallig. Die energie en vars benadering wat die aankomelinge met hulle saamgebring het, tesame met verandering in kantoorruimte, het nuwe lewe in die span geblaas. Die span se voltalligheid maak dit ook vir spanlede moontlik om op hul kernverantwoordelikhede te fokus, sowel as op die verwesenliking van die span en die Registrateursafdeling se strategiese oogmerke.

REGSDIENSTE SE STRATEGIESE OOGMERKE

Benewens Regsdienste se diverse verantwoordelikhede en oogmerke, fokus die span op Registrateursvlak ook op die volgende oogmerke, soos in die Registrateursafdeling se Omgewingsplan (OP) aangedui:

Oogmerk 18: Ontwikkel die wetlikenakomingsfunksie verder binne Regsdienste om Regsdienste in staat te stel om die bestuursverantwoordelikhede verbonde aan wetlike nakoming uit te voer en hierdie funksie verder in die US in te bed (oorgeneem uit die OP vir 2018 tot 2023)

Daar is in 2018 beduidende vordering gemaak. Dit is veral Penny van der Bank, die wetlikenakomingsbeampte, se voltydse aandag wat beteken dat die oogmerke en sperdatums wat deur die interne ouditeure gestel is, aandag geniet en bestuur word. Die vernaamste doelwit is 'n wetlikenakomingsbeleid. Die Rektroraat se goedkeuring van die wetlikenakomingsregulasie op 6 Maart 2018 is 'n belangrike stap in hierdie proses.

Oogmerk 19: Optimeer kontrakbestuur deur digitalisering

Vir 2018 was die oogmerk om ondersoek in te stel na maniere om Regsdienste se kontrakbestuursproses te optimeer deur kontrakte met digitale hulpmiddele te inisieer, implementeer, bestuur en onderhou. Dit sluit die bywerk, formalisering en standaardisering van templaatooreenkomste in.

Vir 2018 was die aksiestappe:

- Hersien ons bestaande kontrakbestuursproses;
- Identifiseer die span se behoeftes vir 'n digitale proses;
- Identifiseer programmatuur om die span te help met die digitalisering van die proses;
- Identifiseer interne behoeftes om kontrakbestuursprogrammatuur te gebruik; en
- Bou en stel (as 'n loodsprojek) die digitale platform in werking, met die oog op volledige implementering in 2019. Daar is in 2018 beduidende vordering gemaak, met drie moontlikhede/oplossings op die tafel.

Ander oogmerke in die Registrateursafdeling

Regsdienste bied steun met sowel die afwentelingsprojek as, in 'n mindere mate, die inligtingsbestuursoogmerk.

REGSADVIES EN -STEUN

Regsdienste lewer steeds regoor die Universiteit regsadvies en -steun en sy ondersteuningsrol brei voortdurend uit. Hierdie adviserende en ondersteunende rol is meer as net regstegnies van aard en dit word in die verskillende verantwoordelikhede en bedrywighede van die Universiteit ingebed.

Gedurende 2018, is 177 advieslêers by die Senior Direkteur: Regsdienste geopen, met 'n bykomende 70 lêers by die Regsadviseur, Ché Bermosky, wat die totaal vir die jaar op 247 te staan gebring het. Hierdie sake strek van regstappe en bystand met beleide en reglemente tot advies oor hoe om spesifieke dispute te hanteer om te verseker dat die US se beste belange gedien word. Dit sluit nie die vele gevalle van *ad hoc*-, onmiddellike advies in, wat nie 'n rekord of lêer benodig nie.

“
2018 was 'n
belangrike en
suksesvolle jaar
vir Regsdienste

1 249
kommersiële
kontrakte ontvang

247
advieslêers geopen

GEDINGVOERING

Hoewel gedingvoering as 'n laaste uitweg beskou word, is dit soms vir die US nodig om sake te maak of te verdedig. Gedingvoering word deur die kantoor van die Senior Direkteur: Regsdienste hanteer.

Die vernaamste hofsake van 2017 is in 2018 voortgesit. 'n Aantal nuwe sake het in 2018 ontstaan, insluitende die hersieningsverrigtinge wat gevolg het op besluite oor studentedissipline; versekeringsverwante eise; uitsettingsake en klagtes wat verband hou met die nienakoming van die vereistes van die Wet op die Regulering van die Private Sekuriteitsbedryf, 56 van 2001, wat op sekuriteitsbeamptes van toepassing is.

KOMMERSIËLE KONTRAKTE EN DRANKLISENSIES

Oor die afgelope vier jaar was daar 'n beduidende toename in die hoeveelheid kontrakte wat deur Regsdienste goedgekeur moes word. Die toename is nie net van toepassing op die aantal kontrakte nie, maar ook op die kompleksiteit van die kontrakte. Regsdienste ondersoek voortdurend maniere om stelsels en omkeertye te verbeter en 'n kliëntgesentreerde benadering te versterk.

Gedurende 2018 is daar baie gedoen om die beskikbaarheid, gehalte en doeltreffendheid van die Kommersiële-kontraktespan tot die uiterste te voer en teen die einde van Desember 2018 het die span dit reggekry om 96% (1 215 uit 1 249) van al die kommersiële kontrakte wat vir 2018 ontvang is, te finaliseer. Daar was groter klem op die doeltreffende bestuur van kliëntverwagtinge met behulp van gereelde terugvoer oor onafgehandelde sake en ook op die verbetering van omkeertye. Die aanvoerwerk om die huidige kontrakbestuurstelsel te digitaliseer is reeds begin en sal in 2019 voortgaan. Daar is ook vordering gemaak met die uitbreiding van die aantal templaatooreenkomste.

Die kontrakbestuursprosedure is bygewerk en in Afrikaans vertaal en is dus nou in sowel Engels as Afrikaans beskikbaar. Die kwessie van US-dranklisensies bly 'n bron van kommer. Die aanvoerwerk om dranklisensie-aansoeke en -hernuwings op 'n gesentraliseerde grondslag te ontwikkel en te bestuur het reeds begin en sal in 2019 voortgesit word. Regsdienste het 'n behoefte geïdentifiseer om kennisleemtes by fakulteite, departemente en eenhede oor die aansoekproses vir dranklisensies en die regsvereistes wat met die hou van so 'n lisensie gepaard gaan, te vul. Hoewel dit buite sy mandaat val, het Regsdienste ingewillig om 'n gesentraliseerde proses vir die bestuur van dranklisensies te ondersoek en te implementeer, aangesien dit deel vorm van die bestuur van regs- en wetlikenaakomingsrisiko's aan die US. In hierdie verband is daar ondersoek ingestel na die bestaande praktyke van dranklisensie-aansoeke en is daardie praktyke geoudit.

WETLIKE NAKOMING

Aan die US is wetlike nakoming 'n funksie binne Regsdienste wat institusionele oorsig behels oor die wetgewende vereistes wat op die US van toepassing is. Daar is 'n wye verskeidenheid daaglikse aktiwiteite en bedrywighede by die Universiteit waarvan die meeste op een of ander wyse deur wetgewing gereguleer word. Die US moet programme en planne in plek hê wat verseker dat die instansie en sy onderskeie komponente aan die toepaslike wetgewing voldoen. Met hierdie doel voor oë is dit nodig dat daar meganismes in plek is om met wetlike nakoming te help.

In 2018 is daar begin met die implementering van 'n formele Deloitte-ondersoeksaanbevelingstoe die Wetlikenaakomingsregulasie deur die Rektorat goedgekeur is. Teen die einde van die jaar het die US op die volgende maniere geringe maar belangrike vordering gemaak met die ontwikkeling van die wetlikenaakomingsfunksie:

- 'n Wetlikenaakomingsregulasie is goedgekeur;
- Die vernuwing van die 2012- regulerende omgewing, wat 'n voortgaande proses is, is van stapel gestuur;
- Gesprekvoering is met belangrike rolspelers begin;
- Nuwe wetgewing en wysigings tot wetgewing is nagespoor en versprei na die areas wat daardeur geraak word;
- Gereelde opleidings- en bewusmakingsessies is beplan en daar is reeds met van die belangrikste rolspelers, wat wetlike nakoming betref, vergader.

Op 'n operasionele vlak is daar ook groter direkte skakeling oor, onder andere, die volgende kwessies wat met wetlike nakoming verband hou:

- Droogte- en waterverwante sake;
- Die Reguleerder vir die Privaat Sekuriteitsbedryf;
- Kampusgesondheid;
- Die US se Bestralingsveiligheidsprogram; en
- Studenteleninge en -beurse.

STUDENTEDISSCIPLINE

'n Posbeksleër is na die einde van 2016 aangestel in die nuwe pos van Hoof: Studentedissipline om die Kantoor vir Studentedissipline te bestuur en die nuwe Dissiplinêre Kode vir Studente, wat op 1 Januarie 2017 in werking getree het, te implementeer. Die posbeksleër het bedank en is op 1 Januarie 2018 deur 'n nuwe Hoof: Studentedissipline vervang. Daarbenewens is 'n administratiewe assistent op 1 Februarie 2018 aangestel om die administratiewe verantwoordelikhede in die Kantoor vir Studentedissipline te behartig.

Gedurende 2018 was daar 'n spesifieke fokus daarop om die standaardisering van dissiplinêre prosesse verder te voer om die administratiewe las te verminder. Hierdie prosesse sluit in die optrek en/of wysiging van pro forma-dokumente; die skep en byhou van registers van sake wat voor die Sentrale Dissiplinêre Komitee (SDK), die Dissiplinêre Appèlkomitee (DAK) en die Koshuis- Dissiplinêre Komitee (KDK) dien; en die bepaling van die rolle en verantwoordelikhede van personeel in die Studentedissipline-span. Deurgehaalde verslae wat die uitslae van die dissiplinêre verrigtinge van die KDK, SDK en DAK vervaar, is opgestel om op Regsdienste se webwerf gepubliseer te word. Gesprekke met die webwerfontwikkelaar oor die publikasie van hierdie verslae duur voort. Die oriëntering en opleiding van uitgesoekte sentrale rolspelers wat die nuwe Dissiplinêre Kode vir Studente betref, is in 2018 voortgesit.

Daar is 83 nuwe insidente van studentewangedrag in 2018 aangemeld – beduidend minder as die aantal nuwe insidente wat oor dieselfde tydperk in 2017 aangemeld is (103 nuwe insidente). Daar was egter 'n beduidende aantal dissiplinêre ondersoeke wat oorgestaan het van 2017 af (23 onafgehandelde sake), wat eers in die eerste kwartaal van 2018 volvoer is.

SAMEVATTING

Die jaar 2018 was vir Regsdienste baie beslis 'n belangrike en suksesvolle jaar. Regsdienste is daartoe verbind om koers te hou en verbeterde toegewyde dienste aan die Universiteit, as 'n instansie en 'n gemeenskap, te lewer.



Wetlike nakoming aan die US

Penny van der Bank, nuut aangestelde Wetlikenakomingsbeampte, beantwoord enkele gereelde vrae oor wetlike nakoming aan die US.

Wat is Wetlike nakoming en wat moet die US nakom?

Wetlike nakoming is 'n funksie wat institusionele oorsig bied oor die US se nakoming hoofsaaklik van, op die oomblik, die wetlike vereistes waaraan die US onderworpe is. Die US het 'n wye verskeidenheid van daaglikse aktiwiteite en bedryfswersaamhede, waarvan die meeste op een of ander manier deur wetgewing gereuleer word, en daarom moet die US programme en planne reg hê om te verseker dat die instelling en sy onderskeie komponente aan toepaslike wetgewing voldoen. Om dit te doen, moet die nodige beheermaatreëls gereed wees om wetlike nakoming te steun, en die Wetlike Nakoming-funksie verskaf ondersteuning aan omgewings met die opstelling van hierdie beheermaatreëls.

Wetlike nakoming van wetgewing is nie 'n nuwe konsep aan die US nie – dit word al reeds vir baie jare as deel van US-bedryfswersaamhede gedoen. Die US is nou op 'n punt waar wetlike nakoming op 'n institusionele vlak, ter ondersteuning van die bedryfsnakomingvereistes en -verantwoordelikhede, bestuur word. Die verankerde model wat tot op hede rakende wetlike nakoming, en ander oorsigbestuurimperatiewe, gevolg is, word steeds gebruik, en word deur die institusionele vlak van wetlike nakoming, oorsigbestuur en toesig uitgebrei.

Wie is vir wetlike nakoming verantwoordelik?

Die verantwoordelikheid vir wetlike nakoming aan die US strek oor verskeie vlakke, van die Raad deur die Rektor, viserektore en lynbestuur, tot by die operasionele vlak in fakulteite, funksies en ander eenhede. Die Wetlike Nakoming-funksie is verantwoordelik vir die oorsig oor en verskaffing van 'n program en plan vir institusionele statutêre wetlike nakoming.

Hoe verseker die US wetlike nakoming?

Die beginpunt is die pas goedgekeurde Wetlikenakomingsregulasie met die doel om hierdie Regulasie oor die volgende twee jaar tot 'n beleid te ontwikkel, in samehang met 'n regulatoriese wetsraamwerk, 'n handleiding oor wetlike nakoming en wetlikenakoming-risikobestuurplanne vir die kernwetgewing wat op die Universiteit van toepassing is. Dit is ook belangrik om te onthou dat die wetlikenakomingsfunksie meer 'n bemagtigingsfunksie as 'n polisiëeringsfunksie is (hoewel polisiëring van tyd tot tyd nodig sal wees). Die finale verantwoordelikheid vir nakoming kan slegs op die vlak van die funksie, persoon of eenheid wat binne die raamwerk en vereistes van bepaalde wetgewing funksioneer, wees. Net 'n paar stukke wetgewing wat in hierdie verband relevant is, is die Wet op Hoër Onderwys, afvalbestuurwetgewing, regulering van inligtingwetgewing (die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting en die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting) en, in die huidige konteks, wetgewing vir die bestuur van water en watergebruik.

Tot op hede het die US aan die hand van 'n padkaart, wat die interne ouditeure na vroeëre assesserings verskaf het beskeie, maar steeds betekenisvolle, vordering met die ontwikkeling van die wetlikenakomingsfunksie gemaak. Die Wetlikenakomingsregulasie is goedgekeur; 'n wetlikenakomingsbeampte is aangestel; die proses om die 2012- regulatoriese wetsraamwerk te hersien is onderweg; konsultasies met interne belanghebbers het aanvang geneem; nuwe wetgewing en wysiging aan wetgewing en regulasies word deurgaans gemonitor en aan areas wat daardeur geraak word versprei.

Hoekom is dit nodig dat ons wetlike nakoming doen?

Die belangrikste rede vir wetlike nakoming is in operasionele doeltreffendheid en die voordele daarvan vvat. Terselfdertyd kan nienakoming tot beduidende nadele lei, waaronder boetes, administratiewe ingryping, reputasierisiko's en, in uiterste gevalle verlies van lisensies of magtiging om in sekere areas werksaam te wees.

Hoe kan jy help?

Wetlike nakoming is “die manier waarop ons dinge doen” en is integraal tot ons daaglikse bedryfswersaamhede. Dit moet deel van die Universiteit se kultuur wees. In 'n sekere opsig het ons reeds die belangrikste dele van 'n funksionele wetlikenakomingstruktuur en -kultuur, siende dat ons van nature die regte ding doen en reëls en prosedures volg. As sodanig is ons personeellede en studente reeds kampvegters vir wetlike nakoming, wat dus kan help deur aan te hou met dit wat ons reeds doen. Wetlike nakoming bly 'n verankerde model en daaglikse wetlike nakoming word as die verantwoordelikheid van die verskillende funksies regoor die US aanvaar. Die Wetlike Nakoming-funksie is verbind tot die ontwikkeling van 'n nakomende instelling ter ondersteuning van die strategiese en bedryfsdoelwitte van die US.

Vir meer inligting oor die Wetlike Nakoming-funksie of jou rol in wetlike nakoming, kontak asseblief ons Wetlikenakomingsbeampte, Penny van der Bank, by pennyvdb@sun.ac.za of 021 808 9736.

“

Die Wetlike Nakoming-funksie is verbind tot die ontwikkeling van 'n nakomende instelling ter ondersteuning van die strategiese en bedryfsdoelwitte van die US.

Personeelaangeleenthede

KONGRESSE

Vanaf 11 tot 13 April 2018 het Farah Fredericks die 2de internasionale kongres oor keuring in die gesondheidsberoep in Melbourne, Australië, bygewoon. Die kennis wat sy by die kongres opgedoen het, het bygedra tot die vestiging van die Strategiese Komitee vir Werwing, Keuring en Toelating in die fakulteit.

Op 11 en 12 Mei 2018 het Beire Kramer, Leana Loxton, Ryno Gürgen, Pierre Rossouw en Shivvon Ruiters 'n kongres van die Vereniging van Akademiese Administrateurs oor die tema 'Digitized Academic Administration – Improving Service Delivery to Students and Staff' (digitalisering van akademiese administrasie – verbetering van dienslewering aan studente en personeel) in Durban bygewoon. By hierdie kongres het Beire 'n aanbieding gelewer met die titel "Digitising administrative processes: Learning from The Good, the Bad and the Ugly" (digitalisering van administratiewe prosesse: Wat kan ons uit die Goeie, die Slegte en die Lelike leer), waarin lesse geleer uit die digitalisering van prosesse in die Registrateursafdeling gedeel is.

Op 17 Mei 2018 het Penny van der Bank die Wetlikenakomingsinstituut van Suider Afrika (beter bekend in Engels as die Compliance Institute of Southern Africa of CISA) se jaarlikse kongres wat in Kaapstad gehou is bygewoon.

Vanaf 24 Junie tot 27 Junie 2018 het Gerhard Lipp die kongres van die National Association of College and University Attorneys (NACUA) wat in Minneapolis, VSA, gehou is, bygewoon.

Vanaf 25 Junie tot 26 Junie 2018 het Penny van der Bank USAf-kongres van die Hoër-onderwysforum vir Oudit- en Risiko- Forensiese Analise (in Engels Higher Education Forum for Audit and Risk Forensics) in Pretoria bygewoon.

Op 6 September het Karlien Breedts 'n referaat getiteld "Records Retention for Higher Education Institutions in South Africa" (in Afrikaans "Rekord-retensie vir Hoëronderwysinstansies in Suid-Afrika") by die nasionale Rekordsbestuur in Hoër Onderwys Forum in Nelspruit gelewer.

INTERNASIONALE BESOEKE

Vanaf 19 tot 28 September 2018 het Elzette van Zyl 'n besoek aan die Skool van Besigheid en Ekonomie te Maastricht Universiteit, Nederland, gebring. Tydens hierdie besoek het sy ook 'n informele aanbieding by 'n funksie van die Skool gedoen.

Nazli Daniels was een van ses steundienspersoneellede wat gekies is om vir 'n weeklange normbesoek vanaf 6 tot 14 Oktober 2018 saam met Universiteit Stellenbosch Internasionaal in Europa besoek af te lê. Sy was deel van die eerste groep personeellede om aan hierdie nuut ontwikkelde Steundienspersoneelontwikkelingsprogram deel te neem. As deel van die program het sy kollegas in ons vennoot-universiteite KU Leuven in België en Leipzig Universiteit in Duitsland ontmoet.

REGISTRATEURSAFDELINGPERSONEEL

STELLENBOSCH 61

BELLVILLE 19

TYGERBERG 15

KWALIFIKASIES VERWERF

Nagraadse Diploma in Projekbestuur	Sonja van Zyl	Studente-administrasie: Bellvilleparkkampus
MA (Ontwikkelingstudie)	Edwina Sonnenberg	Studente-administrasie: Bellvilleparkkampus
Sertifikaat: Rekeningkundetegnikus van die Vereniging van Rekeningkundetegnici SA	Estie Geldenhuys	Studente-administrasie, Tygerbergkampus

“
Gerhard Lipp het die Kanseliers-toekenning vir volgehoue uitnemendheid in loopbaandiens ontvang

Edwina Sonnenberg
en Lydia Meyer

KORTKURSUSSE VOLTOOI

Mediasie	Annemarie Muller	Studente-administrasie: Stellenboschkampus
Projekbestuur	Ruby Frans	Studente-administrasie: Stellenboschkampus
Ontwikkeling van Leierskap en Spanvaardighede (POLS)	Noluvuyo Capsana	Studente-administrasie, Tygerbergkampus
	Ruby Frans	Studente-administrasie: Stellenboschkampus
	Beire Kramer	Studente-administrasie: Stellenboschkampus

OPLEIDING VOLTOOI

S+-opleiding (roostersagteware)	Stefné Franken	Studente-administrasie: Stellenboschkampus
SharePoint-webopleiding	Desmarie Meintjies	Studente-administrasie: Stellenboschkampus
	Robert Young	Studente-administrasie: Stellenboschkampus
	Ruby Frans	Studente-administrasie: Stellenboschkampus
	Cerwyn Majiedt	Studente-administrasie: Stellenboschkampus
Informasie-reguleerder	Penny van der Bank	Regsdiens

WERKSWINKELS BYGEWOON

Middle Management and Leadership Development Programme	Beire Kramer	Studente-administrasie: Stellenboschkampus
	Ruby Frans	Studente-administrasie: Stellenboschkampus
	Noluvuyo Capsana	Studente-administrasie: Tygerbergkampus
	Ryno Gürgen	Studente-administrasie: Stellenboschkampus
Siyakhula: Embracing a new normal	Alfreda Coetzee	Registrateurskantoor
	Karliën Breedts	Sentrum vir Oorsigfunksie-ondersteuning
	Salot Hanekom	Studente-administrasie: Tygerbergkampus
	Estie Geldenhuys	Studente-administrasie: Tygerbergkampus
	Miriam Walters	Studente-administrasie: Stellenboschkampus
	Ruby Frans	Studente-administrasie: Stellenboschkampus
	Ronel Retief	Registrateurskantoor
Governance of Ethics	Desmarie Meintjies	Studente-administrasie: Stellenboschkampus
Meeting Customer Services Requirements	Beire Kramer	Studente-administrasie: Stellenboschkampus
Labour Law for Leaders	Beire Kramer	Studente-administrasie: Stellenboschkampus
Getting General Data Protection Regulation (GDPR) ready	Penny van der Bank	Regsdiens





Ons vier saam met



Gerhard Lipp, wat die Kanselierstoekenning vir volgehoue uitnemendheid in loopbaandiens ontvang het.

Ons wens personeellede met hulle bevorderings geluk



Penny van der Bank, voorheen Regsadviseur en vanaf 2018 as Wetlikenakomingsbeampte aangestel.


Ons verwelkom nuwe personeellede



Aanstellings in Regsdienste op Stellenboschkampus

- Felicia van Rooi, die nuwe Hoof: Studentedissipline (Januarie 2018)
- Noluthando Tiya, die administratiewe assistent ter ondersteuning van Studentedissipline, (Februarie 2018)
- Mandy Gabriels, regsassistent wat hulp verleen met kontrakte en algemene advies (Julie 2018)
- Charmaine Wing, regsadviseur na Penny van der Bank se aanstelling as wetlikenakomingsbeampte (Julie 2018)

Ons het totsiens gesê aan personeellede



Die volgende kollegas het aan die einde van 2018 afgetree:

- Neels Fourie, Adjunkregistrator, Student-administrasie, Stellenboschkampus
- Marilyn de Vries, Hoof: Eksamenkantoor, Tygerbergkampus
- Emcé Louw, Hoof: Eksamenkantoor, Stellenboschkampus
- Babsie van Zyl, Fakulteitsadministrateur, Student-administrasie, Stellenboschkampus

Sosiale Impak-inisiatiewe

Die Registrateursafdeling was in 2018 betrokke by 'n aantal Sosiale Impak-inisiatiewe op afdelingsvlak en in individuele hoedanigheid.

BETROKKENHEID BY SOSIALE IMPAK-INISIATIEWE VAN DIE US

#Move4Food-veldtog en Voedselbank

Die veldtog #Move4Food is 'n studente-inisiatief wat voedselbanke op Stellenbosch- en Tygerbergkampus wil skep. Die projek mik hoog met 'n insamelingsteiken van R10 miljoen (kontant en goedere) om te sorg dat geen US-student vir die volgende drie jaar 'n leë maag hoef te ervaar nie. Die Registrateursafdeling het aan 'n voedselinsameling deelgeneem ter ondersteuning van die #Move4Food-veldtog. Personeellede het niebederfbare voedsel en toiletware geskenk om ons studente se lewens 'n bietjie makliker, en beter, te maak.

Ronel Retief het ook aan die 10km-wedloop van die Kaapstad Maraton / Peace Run 2018 deelgeneem om fondse vir hierdie veldtog in te samel. Op haar fondsinsamelingsblad het sy die volgende geskryf: "Deur my hele loopbaan aan die Universiteit Stellenbosch het ek teenoor studente te staan gekom wat honger ly terwyl hulle op kampus is. Daar is verskeie redes hiervoor – geen twee studente se omstandighede is dieselfde nie. Die ergste is dat studente baie keer nie vir help vra nie, juis as gevolg van die stigma gekoppel daaraan om nie self in staat te wees om "die probleem uit te sorteer nie". Ons studente het al die potensiaal om sukses te behaal en by te dra om behoefte in die samelewing te verlig; indien die speelveld egter nie gelyk is nie, begin baie van hulle met 'n agterstand, en om te studeer raak 'n daaglikse stryd, eerder as 'n geleentheid om uit te blink. Kos is 'n basiese behoefte wat, indien daarin voorsien kan word, ons studente in staat sal stel om meer op hulle akademiese te fokus en minder op waar hulle volgende maaltyd vandaan sal kom. Deur #Move4Food hoop ek om by te dra om die speelveld by die Universiteit Stellenbosch meer gelyk te maak en studente in staat te stel om die geleenthede te ontsluit wat hoër onderwys aan hulle bied om aan hulle potensiaal te voldoen en eendag die wêreld te verander."



Ché Bermosky (Regsdiens), Lizzie Witbooi (US Kampus Maatskaplike Werker) en Melanie Willems (Sentrum vir Studentevoorgligting en -ontwikkeling), Cheryl Cornelissen (Talsentrum) met van die items wat tydens die voedselveldtog geskenk is.

BETROKKENHEID IN DIE STELLENBOSCH-GEMEENSKAP

Boekprojek vir Kylemore Hoërskool

Die Registrateursafdeling het boeke aan die Kylemore Hoërskool geskenk as deel van 'n boekprojek vir die hoërskool wat deur Willdon Filander, 'n Honneursstudent in Sielkunde, geïnisieer is. Kylemore is 'n voorheenbenadeelde gemeenskap in die buitewyke van Stellenbosch. Selfs al is Kylemore 'n goed gevestigde gemeenskap, het dit ongelukkig geen openbare biblioteek nie. Die skenking van boeke sal toegang tot literêre hulpbronne vir leerders aan die hoërskool verhoog, wat weer 'n impak op hulle onderrig en ontwikkeling het.



Cheryl Richardson en Willdon Filander

Krieket-ontwikkeling in die gemeenskap

Shirle Cornelissen, Fakulteitsadministrateur vir die fakulteit Teologie en Regsgeleerdheid, is 'n medestigter van die Masikhulisane (Let's develop together) Krieket-akademie, wat in 2011 gestig is. Shirle speel tans 'n ondersteunende rol in die Krieket-akademie en is ook die hoof-afrigter van die Stellenbosch en Distrikte Krieketklub se senior spelers.

Die Krieket-akademie speel 'n belangrike rol in die sosiale opheffing van die jeug in die plaaslike gemeenskap en met die ontwikkeling van talent op 'n vroeë stadium, en skep so 'n lewensvatbare en volhoubare ontwikkelingsprogram vir jong krieketspelers. As gevolg van die prestasies van die Krieket-akademie, word Stellenbosch deur Krieket SA as 'n Krieketspilpunt erken. Sedert 2015 het die Spilpunt van vier laerskole en vier hoërskole na 14 laerskole en ses hoërskole in en rondom die Stellenbosch-area gegroei.



**Die Krieket-
akademie speel
'n belangrike rol
in die sosiale
opheffing van
die jeug in
die plaaslike
gemeenskap**

Die ontwikkeling van die Masikhulisane Krieket-akademie het tot die volgende verbetering van krieketspelers in die Akademie bygedra:

- Vyf spelers verteenwoordig tans vir Boland in krieket.
- Agt van die lede van die huidige Senior eerstespan van die Stellenbosch en Distrikte Krieketklub is spelers wat in 2011 by die Akademie begin het, wat duidelik bewys dat dit vrugte afwerp.
- Hierdie spelers is deel van die rede dat die Senior eerstespan die 2017/2018 Promosieliga van Boland Krieket gewen het.
- Sewe spelers was deel van h verteenwoordigende Weskaap-span wat in 2014 in Engeland getoer het.
- Naledi Nkopane van Lückhoff Hoërskool het in drie agtereenvolgende jare die Boland o/19-meisiespan gehaal en is ook gekies vir die Boland Senior Vrouespan terwyl sy nog in Graad 11 was.

Shirle is ook die voorsitter van h beheerkomitee wat die taak opgelê is om beskikbare grond en befondsing te bekom vir die bou van h binnemuurse sentrum vir die Krieket-akademie om vir verskillende ouderdomsgroepe regdeur die jaar afrigting te kan bied, en dat oefening dus nie deur slegte weer, veral in die winter, belemmer word nie. Die huidige gebrek aan befondsing en beskikbaarheid van grond kortwiek die verwesenliking van hierdie droom, en jong, belowende spelers word dus verhinder om in hulle krieketloopbane vordering te maak en hulle volle potensiaal te verwesenlik.



Krieketoefening op die sportgronde



Shirle Cornelissen

ERKENNING

Die Registrateurafdeling gee graag erkenning aan die volgende partye vir hul rol in die publikasie van hierdie verslag:

AFRICAN SUN MeDIA vir die ontwerp, uitleg en druk van die verslag, en hul professionele advies en diens vir die duur van die projek.

Beire Kramer, Porchia Adams, Robert Young en die span vir hul entoesiasme, ywer en deursettingsvermoë. Met hierdie verslag het julle die werk en die mense van die Registrateurs-afdeling sigbaar gemaak, en ons bedank julle opreg hiervoor.

